**4 Oktober**

## Waarom gestrem?

**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-12**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:1-2**

Die waarom-vraag spel lyding. Gestremdheid gaan met lyding gepaard. Jesus se dissipels wou weet waarom die blinde man so moes ly? Hulle neem sonder meer aan dat sy lyding die gevolg van sonde is, sy eie of dié van sy ouers.

Die dissipels is natuurlik reg in dié opsig dat gestremdheid en die lyding daarmee saam die gevolg van sonde is, maar dan nie net sy persoonlike sonde of dié van sy ouers nie. Die feit van die saak is: die hele skepping ly as gevolg van die sondeval. Gestremdheid is maar net een van die ellendes; daar is ook aardbewings, droogtes, oorloë, motorongelukke, kanker, moord, haat – ag, noem maar op!

Die ellende en lyding wat in dié geval met blindheid gepaardgaan, word deur die Here Jesus Christus gebruik om God te verheerlik. Hy gebruik hierdie man se blindheid om te wys dat Hy die lig vir die wêreld is (vs 5).

Vir elke gestremde persoon self, sowel as vir die res van die gesin, is die Here Jesus die lig. Hy kan gestremdheid gebruik om die werke wat God doen, sigbaar te maak. Daarom moet die gestremde self, asook sy/haar gesin, by die Here Jesus persoonlik uitkom. Hy het immers ons lyding op Hom kom neem en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. En al verlos Hy nie die gestremde, soos in die geval van hierdie blindgeborene, onmiddellik van sy/haar gestremdheid nie, is Hy tog besig om so ’n gestremde mens uit die ellende en lyding uit te dra na die ewige heerlikheid waar Hy vir elkeen wat in Hom glo, plek gereedmaak.

*Sing: Skrifberyming 14-2* *Ds. Danie de Kock (Krokodilrivier)*